

KONTROLELYS BY AFTREDE

Om die Departement in staat te stel om u aftrede aansoek te verwerk en die betaling van u pensioenvoordele te bespoedig, word u versoek om die volgende dokumentasie by die WKOD in te dien.

Bykomende dokumentasie word in blou aangedui en dit is u verantwoordelik om dit te bekom en by te voeg.

✓	NAAM VAN DOKUMENT/VORM	DOEL/BESKRYWING
	1A Aftrede - WKOD E54 Afrikaans <u>OF</u> 1B Retirement - WCED E54 English	Die AANSOEKBRIEF, soos deur die WKOD voorsien, waarmee u kennis gee dat u van voorneme is om af te tree. Onder andere voorsien u 'n voorgestelde datum waarop pensioen in aanvang sal neem. Daar word van u onmiddellike toesighouer (normaalweg die Prinsipaal) verwag om die kennisgewing te teken. Dit word in beide Afrikaans (1A) of Engels (1B) voorsien.
	2A Aftrede - WKOD Diensverlatingsbestuursvraelys vir Werknemers <u>OF</u> 2B Retirement - WCED Employee Exit Management Questionnaire	'n Vraelys om te bepaal waarom werknemers die staatsdiens verlaat en watter moontlike korrektiewe maatreëls die Wes-Kaap Onderwysdepartement kan implementeer om geskoolde en bekwame werknemers te behou. Dit word in beide Afrikaans (2A) of Engels (2B) voorsien.
	3 Retirement - WCED Confirmation of Tax Number	Die doel van die vorm is om u persoonlike inligting t.o.v. u inkomstebelasting te bevestig.
	4 Retirement - WCED BAS Entity Maintenance (Z76)	Die doel van die vorm is om u bankbesonderhede deur u finansiële instelling te verifieer en toestemming te gee dat die WKOD enige gelde direk in u bankrekening mag betaal.
	5A Aftrede - WKOD Aflos van Staatswaarborg <u>OF</u> 5B Retirement - WCED Release of State Guarantee	Die doel van die vorm is dat u finansiële instelling bevestiging kan gee t.o.v. die balans van u staatswaarborg (nie u huisverbandlening nie). Indien u nie van die staatswaarborgskema gebruik gemaak het nie, voltooi asb. afdeling C van hierdie vorm in die teenwoordigheid van 'n kommissaris van ede. Dit word in beide Afrikaans (5A) of Engels (5B) voorsien.
	6 Retirement - GEPP Departmental Liability Claim Form	'n Verpligte vorm waarin u enige skuldverpligtinge wat u mag hê teenoor die WKOD en/of GEPP erken; waarmee u ook die GEPP magtig om sulke bedrae van u pensioenvoordele te hef voordat dit uitbetaal word.
	7 Retirement - GEPP Affidavit Confirm Authenticity of Signature and Thumbprint	Die doel van die vorm is om die GEPP in staat te stel om die egtheid van u handtekening en duimafdruk te bevestig.
	Gesertifiseerde afskrif van u identiteitsdokument of ID kaart (onthou dat beide kante van u ID kaart op dieselfde bladsy moet vertoon).	
	Gesertifiseerde afskrif van u lidmaatskapsertifikaat van u mediese fonds.	
	Bewys vanaf die ontvanger van inkomste (SARS) m.b.t. u inkomstebelastingnommer. Let wel: dat 'n IRP-5 sertifikaat of salarisstrokke nie voldoende is /aanvaar word nie.	